# Notule

van die

Sewe-en-Dertigste Algemene Jaarvergadering

virtueel gehou op

28 Mei 2021

# NOTULE VAN DIE SEWE-EN-DERTIGSTE ALGEMENE JAARVERGADERING VAN DIE LA AFTREEFONDS VIRTUEEL GEHOU OP VRYDAG 28 MEI 2021

| | | | |
|---|---|---|---|
| TEENWOORDIG: | (regstreeks) | Mnr DL Carstens | : Voorsitter / Lid Trustee |
| | (virtueel) | Me M van Zyl | : Ondervoorsitter / Lid Trustee |
| | (virtueel) | Adv CJ Franken | : Pensioenaris Trustee |
| | (virtueel) | Mnr J Jacobs | : Addisionele Trustee |
| | (virtueel) | Mnr J Lawack | : Addisionele Trustee |
| | (virtueel) | Mnr WR Meiring | : Raadslid Trustee |
| | (virtueel) | Mnr S Philander | : Raadslid Trustee |
| | (virtueel) | Mnr JAH van den Berg | : Pensioenaris Trustee |
| | (regstreeks) | Me IT Hartlief | : Hoofbeampte |
| | | 27 virtuele afgevaardigdes | |

## 1. OPENING VAN VERGADERING EN VERWELKOMING VAN AFGEVAARDIGDES

1.1 Die voorsitter verwelkom al die virtuele aanwesiges. Hy verwelkom ook en stel me Ilse Hartlief, die hoofbeampte, mnr Braam du Plessis van Simeka Konsultante & Aktuarisse en me Yvonne Wilken van Verso Finansiële Dienste bekend, wat by hom aangesluit het vir die regstreekse uitsending by Verso se kantore. Hy stel ook die persone bekend wat die logistieke reëlings vir die vergadering getref het en agter die skerms teenwoordig is: nl. mnr Aasif de Vos en me Estelle D'Oliviera van Ou Mutual en mnr Leon Vermeulen en me Susan Erasmus van Verso Finansiële Dienste. Voorts stel hy die persone voor wat virtueel gaan deelneem, nl. Michelle van Zyl, die ondervoorsitter, mnr Sean Neethling van Momentum Konsultante & Aktuarisse en mnr Duncan Theron van GraySwan Beleggings.

1.2 Die vergadering word deur die ondervoorsitter, me Michelle van Zyl, met gebed geopen.

## 2. KENNISGEWING VAN VERGADERING

Die voorsitter kondig aan dat, ooreenkomstig die Reëls van die Fonds, daar behoorlik kennis gegee is van die 37ste Algemene Jaarvergadering. Hy bevestig dat 'n kworum virtuele afgevaardigdes teenwoordig is, en hy verklaar dat die vergadering BEHOORLIK GEKONSTITUEER is.

## 3. BEKRAGTIGING VAN NOTULE

Daar word voorgestel en gesekondeer dat die notule van die 35ste Algemene Jaarvergadering, gehou op 24 Mei 2019, eenparig GOEDGEKEUR word.

## 4. VOORSITTERSREDE (Bylae A)

Die voorsitter vra die hoofbeampte om aan die virtuele aanwesiges te verduidelik hoe om 'n vraag in die stelsel se geselskamer aan te teken. Die hoofbeampte verduidelik die prosedure wat gevolg moet word en moedig alle virtuele deelnemers aan om die fasiliteit te benut. Sy versoek dat hulle hul vrae tydens elke voorlegging aanteken. Die vrae sal dan regstreeks na afloop van die onderskeie voorleggings beantwoord word.

Die ondervoorsitter neem die voorsitterstoel oor terwyl die voorsitter sy rede lewer. Die voorsittersrede word met dank AANVAAR.

'n Virtuele aanwesige vra wanneer die beloofde toegang tot die pensioenarisse se aanlyn portefeuljes beskikbaar sal wees.

Die hoofbeampte reageer deur die vergadering in te lig dat Verso, die Fonds se administrateur, op 30 Junie 2021 na 'n nuwe administrasieplatform sal oorskakel. Daarna sal die administrateur met alle aktiewe lede, pensioenarisse en In-fonds lewende annuïtante kommunikeer oor hoe hulle toegang kan kry tot die aanlyn portefeuljes en hul persoonlike inligting.

## 5. VOORLEGGING: JAARLIKSE FINANSIËLE STATE

Me Yvonne Wilken van Verso Finansiële Dienste, die Fonds se aangestelde administrateur, lê die opsomming van die Jaarlikse Finansiële State soos op 30 Junie 2020 voor.

Daar word voorgestel en gesekondeer dat die Jaarlikse Finansiële State eenparig GOEDGEKEUR word.

Die Jaarlikse Finansiële State is beskikbaar op die Fonds se webtuiste.

Die voorlegging en die AJV video kan besigtig word by www.laretirementfund.co.za.

## 6. VOORLEGGING: AKTUARIËLE WAARDASIE

Mnr Sean Neethling van Momentum Konsultante & Aktuarisse, die Fonds se aangestelde aktuaris, lê die interim aktuariële waardasie soos op 30 Junie 2020 voor.

Daar word met waardering KENNIS GENEEM van die voorlegging.

Die opsomming van die aktuariële waardasie soos op 30 Junie 2020 is hierby aangeheg. **(Bylae B)**

1) 'n Virtuele aanwesige vra 'n afskrif van die AJV se notule aan, en meld dat hy sedert die inperking nie die nuusbriewe of enige kommunikasie van die Fonds ontvang het nie.

   Die hoofbeampte reageer deur die vergadering in te lig dat die AJV se notule te geleëner tyd op die Fonds se webtuiste gepubliseer sal word. Sy vra ook die lid om sy/haar naam en e-posadres aan haar te gee, sodat sy kan toesien dat die drie baie belangrike omsendbriewe aan die betrokke lid gestuur word. Sy bevestig ook dat die omsendbriewe op die Fonds se webtuiste beskikbaar is onder die hofies *News* en *Active members*.

2) 'n Virtuele aanwesige meld dat hy/sy 26 jaar lank vir die Stad Kaapstad werk en 46 jaar oud is, en wil weet wat met sy/haar pensioen sal gebeur indien hy/sy uit die Fonds bedank.

   Die hoofbeampte antwoord dat die lid op sy/haar volle bedankingsvoordeel geregtig sal wees, d.w.s die volle waarde van die lid se belang op die datum van diensverlating. Voorts sal die lid die opsie hê om:

- Die volle waarde in kontant te neem, wat aan belasting onderhewig sal wees; of
- Die voordeel in die Fonds te laat en tot op aftree-ouderdom ‘n opbetaalde lid te bly, en die beleggingsopbrengste van die Fonds gedurende die opbetaalde tydperk te kry; of
- Sy/haar voordeel belastingvry na ‘n goedgekeurde bewaringsfonds, uittree-annuïteitsfonds of nuwe werkgewersfonds oor te dra.

Mnr Neethling voeg by dat dit altyd raadsaam is om finansiële advies in te win of met mnr Grant Greenfield, die Fondsraadgewer, te gesels voordat ‘n keurse uitgeoefen word.

Die voorlegging en die AJV video kan besigtig word by www.laretirementfund.co.za.

## 7. VOORLEGGING: KORPORATIEWE BESTUUR VERWANTE AKTIWITEITE / REËLWYSIGINGS / FONDSVERWANTE TENDENSE EN VERWIKKELINGE

Daar word met waardering KENNIS GENEEM van die voorlegging deur mnr Braam du Plessis van Simeka Konsultante & Aktuarisse, die Fonds se aangestelde konsultant.

Die voorlegging en die AJV video kan besigtig word by www.laretirementfund.co.za.

## 8. VOORLEGGING: BELEGGINGS EN FONDSPRESTASIE

Daar word met waardering KENNIS GENEEM van die voorlegging deur mnr Duncan Theron van GraySwan Beleggings, die Fonds se aangestelde beleggingskonsultant.

‘n Virtuele aanwesige wil weet of inflasie na verwagting gaan styg as gevolg van die druk van geld.

Mnr Theron antwoord dat markkommentators verskillende inflasiesienings het. Hy sê inflasie is die grootste risiko, maar hy glo wel dat inflasie goed onder beheer is. Hoewel inflasie nie op die vlak van 3% sal bly nie, is sy mening dat dit op ‘n vlak van tussen 4% en 4.5% sal stabiliseer.

Die voorlegging en die AJV video kan besigtig word by www.laretirementfund.co.za.

## 9. MOSIES

Daar word KENNIS GENEEM dat geen mosies ontvang is nie.

## 10. ALGEMENE VRAE

Daar word KENNIS GENEEM dat geen algemene vrae aangeteken is nie.

## 11. DANKBETUIGINGS

Die ondervoorsitter herinner die vergadering aan die gholfspeler Walter Hagen se outobiografie en sy aanhaling: *Don’t hurry, don’t worry, and be sure to smell the flowers along the way*. Die uitdrukking “stop and smell the roses” is hieruit afgelei. Sy sê dit herinner ons daaraan om bietjie die pas te verslap, ‘n oomblik tot stilstand te kom en te besin, en die lewe te waardeer. Sy doen daarna die volgende bedankings:

11.1 Aan mnr Danie Carstens, die voorsitter, vir sy kalm leierskap, visie en inspirerende leiding in alle aangeleenthede van die Fonds, asook vir die suksesvolle aanbieding van die Fonds se eerste virtuele AJV;

11.2 Aan die Raad van Trustees vir hulle betroubaarheid, toewyding, harde werk en betrokkenheid by die bestuur van die Fonds;

11.3 Aan me Ilse Hartlief, die hoofbeampte, vir haar volgehoue passie en uitstekende bestuur van die Fonds;

11.4 Aan die aanbieders: Me Yvonne Wilken en mnre Sean Neethling, Braam du Plessis en Duncan Theron vir hulle insiggewende en dinamiese aanbiedings asook hulle waardevolle raad gedurende die jaar;

11.5 Aan mnr Wouter Hugo, die HUB van Verso Finansiële Dienste, en sy personeel vir die administratiewe dienste en voortdurende ondersteuning en lojaliteit aan die Fonds;

11.6 Aan mnr Aasif de Vos en me Estelle D'Oliviera van Ou Mutual vir die uitstekende kommunikasiedienste, en vir hul werk om die tegniese sukses van die virtuele AJV te verseker; en

11.7 Aan al die afgevaardigdes wat by die virtuele AJV ingeskakel het, en vir hulle voortdurende belangstelling in die aangeleenthede van die Fonds.

Lede word daaraan herinner om al die verslae en omsendbriewe oor belangrike Fondsinligting op die Fonds se webtuiste te lees.

Die voorsitter bedank die ondervoorsitter vir haar omvattende dankbetuiging. Namens die Raad van Trustees bedank hy haar ook vir haar deelname en ondersteuning.

Die vergadering verdaag op Vrydag, 28 Mei 2021 om 11:10.

.....
DATUM

.....
VOORSITTER

# Bylae A

## Voorsittersrede

Beste lede, pensioenarisse, werkgewers, kollegas en ander belanghebbendes,

As voorsitter van die LA Aftreefonds is dit weer eens vir my 'n voorreg om hierdie Fondsverslag aan u voor te lê, al moet ek dit virtueel doen. Verlede jaar is my rede vooraf opgeneem en aan u gestuur. Hierdie keer kan u my regstreeks hoor én sien praat met u.

Die 2019/2020 finansiële jaar was anders as ooit tevore. Nadat ons 2020 met optimisme aangepak het, kon niemand die vrees, paniek en absolute chaos voorsien wat die Covid-19-pandemie in Suid-Afrika en regoor die wêreld sou saai nie. Hoewel die finansiële markte sterk herstel het sedert die eerste kwartaal van 2020, sal Suid-Afrikaners én almal in die res van die wêreld nog 'n geruime tyd die ekonomiese verwoesting en die groot lewensverlies as gevolg van die pandemie ervaar.

Die Raad erken dat die kommerwekkendste finansiële aspek van Covid-19 vir die meeste van ons lede die impak van die wêreldwye krisis op hul aftreespaarfondse is. Korttermyn-markonbestendigheid kan vir lede emosioneel verpletterend wees, vanweë die vrees oor hoe dit die waarde van hul lidbelang kan raak.

Juis om hierdie rede het ons verlede jaar sterk op kommunikasie met en voorligting van ons lede gefokus. Benewens ons kwartaallikse beleggingsnuusbriewe, het ons twee Spesiale Beleggingsverslae uitgereik – die eerste een middel Maart, met 'n oorsig van marktoestande en die impak van Covid-19 op daardie tydstip, en die tweede vroeg in April, met 'n fokus op die afgradering van Suid-Afrika se rand- en buitelands-gedenomineerde skuld tot sub-beleggingsgraad deur die graderingsagentskap Moody's op 27 Maart 2020 en die daaropvolgende verdere afgradering van SA se skuld deur Fitch op 03 April 2020.

Hoewel die aandelemark-regstelling miskien nie die ergste in die onlangse geskiedenis is nie, was dit sekerlik die vinnigste markregstelling nóg. Die JSE se Indeks van Alle Aandele het gedurende die eerste kwartaal van 2020 met sowat 26% geval. Die Fonds se Risikoprofiel-oplossings is ongelukkig ook wesenlik geraak deur die beduidende en vinnige aandeledalings in hierdie tyd. Ons het lede ingelig dat, alhoewel die versoeking bestaan het om impulsiewe besluite op grond van positiewe of negatiewe inligting in die media te neem, spaar vir aftrede steeds 'n langtermyn-inisiatief is wat baie risiko's en onsekerhede inhou. Die beste manier om onsekerheid te hanteer, is deur behoorlike beplanning en om by 'n langtermyn-beleggingstrategie te hou. Impulsiewe veranderings aan 'n langtermyn-beleggingstrategie om redes waarvoor daar geen duidelike bewyse is nie, kan meer skade as goed doen. Lede is op daardie tydstip aangemoedig om by hul langtermyn-beleggingstrategie te hou en nie blootstelling aan groeiportefeuljes te verminder en gevolglik hul verliese permanent vas te pen nie. Lede is ook gedurende die eerste kwartaal aangemoedig om nie op daardie tydstip af te tree nie, en verskeie alternatiewe opsies is aangebied.

Gelukkig is 'n pandemie soos Covid-19 niks nuuts vir beleggingsmarkte nie. Die geskiedenis leer ons dat beleggingsmarkte ná insinkings herstel en trouens ook nuwe hoogtes bereik, en dit is presies wat in die tweede kwartaal van 2020 gebeur het. Na die beduidende verliese in Februarie en Maart 2020, het die markte in die tweede kwartaal sterk teruggespring en die Fonds se Risikoprofiel-oplossings het weer eens sterk positiewe opbrengste oor die afgelope 12 maande aangeteken. Oor die 3-jaartydperk het prestasie inflasie oortref en ledebelange het dus nie in reële terme waarde verloor nie. In vergelyking met die Fonds se portuurgroep het die Fonds se Risikoprofiel-oplossings steeds die kleinhandelsprodukte in die breë aftreefondsbedryf uitgestof. Ons moedig lede steeds aan om die Fonds se In-fonds Lewende Annuïteit te oorweeg wanneer hulle aftree. Ons lae-koste, aktief bestuurde In-fonds Lewende Annuïteit, wat in 2016 geskep is,

het steeds groot aftrek gekry onder aftredende lede wie se belegging in die Fonds se verstek-lewensfaseportefeuljes 'n seepgladde oorgang na die In-fonds Lewende Annuïteit by aftrede moontlik gemaak het. Hierdie afgetredenes vind dus steeds baat – nie net by die Fonds se lae kostestruktuur wat hulle as aktiewe Fondslede geniet het nie, maar ook by die trustees se gediversifiseerde langtermyn-beleggingsfilosofie en beginselvaste benadering tot Fonds-bestuurstoesig.

Lede word herinner dat die trustees 'n gedissiplineerde beleggingsbenadering volg en nie toelaat dat die Fonds se Risikoprofiel-oplossings op enkele makro-ekonomiese faktore en beleggingsienings staatmaak nie. Die trustees heg eerder waarde aan diversifikasie oor sektore, industrieë, streke, beleggingsbestuurders, fondse en geldeenhede heen, wat hopelik sal beteken dat ons lede selfs nog beter nuus in die beleggingsoorsig van volgende jaar se jaarverslag sal kry.

Mnr Duncan Theron van GraySwan, die Fonds se batekonsultante, sal verder uitwei oor die finansiële markte en spesifiek oor die Fonds se beleggingsprestasie gedurende die oorsigtydperk.

Die fokus van die 2019/2020-verslag is om te **help verseker dat u aftreedoelwitte binne bereik bly**. Dit vereis dat die Raad, die hoofbeampte en al die Fonds se diensverskaffers prakties, aanpasbaar en buigsaam is in hul benadering tot verandering. Die pandemie en die landwye inperking vanaf 27 Maart 2020 het ons vermoë in hierdie verband getoets.

Die Raad sê graag dankie aan al die Fonds se diensverskaffers vir hul vindingrykheid gedurende hierdie tydperk. Verso Finansiële Dienste, die Fonds se administrateur, het gedurende die eerste kwartaal planne en verligtingstrategieë in werking gestel om te voorkom dat die pandemie sakekontinuïteit en -praktyke ontwrig. Verso het ook al die moontlike voorsorgmaatreëls getref om te verseker dat hul besigheid vlot verloop en dat hul diens aan al ons lede en pensioenarisse met so min ontwrigting as moontlik kon voortgaan. Die kontinuïteit van die lede-ondersteunings-diensspan, insluitend hul inbelsentrumpersoneel, is verseker. Hoewel die instap-fasiliteit gedurende inperkingsvlakke 5 en 4 gesluit was, is dit gedurende inperkingsvlak 3 heropen, onderhewig aan streng toepassing van Covid-19-protokolle. Afgesien van die gebruiklike foonnommer en e-posadres van die inbelsentrum, het lede in April ook die Fonds se nuwe Whatsapp-nommer gekry, wat hulle in staat stel om gedurende kantoorure boodskappe aan die Fonds te stuur met die versoek dat die administrateur hulle kontak. Hierdie Whatsapp-nommer is behou, omdat dit geblyk het van waarde te wees vir lede.

Vir al ons diensverskaffers en die hoofbeampte het sake soos gewoonlik voortgegaan, terwyl almal met welslae van die huis af kon werk om die doeltreffende bestuur van die Fonds te verseker.

Die Raad het besef dat tegnologie 'n sleutelrol speel om lede se ervaring te verbeter, en besluit dat dit by elke moontlike geleentheid ingespan moet word om met lede te skakel, voorligting te verskaf en hulle te ondersteun. Hierdie digitalisering en tegnologiese innovasie is ongetwyfeld versnel deur Covid-19. Ons sê dankie aan ons lede wat bereid was om van persoonlike skakeling by hul werkplek, oor te skakel na aanlyn Fonds-webinare om meer uit te vind oor die voordele wat hulle as Fondslede geniet. 'n Aantal webinare is verlede jaar, gedurende en na die verslagtydperk geskeduleer. Die inhoud het gewissel van beleggingsnuus tot voorligting vir lede oor voordele, aftreebeplanningseminare, en Skype-voorleggings aan voornemende lede. Voornemende lede is ook gevra om na die Fonds se aanlyn oriënteringskyfie-aanbieding (met stembegeleiding) te kyk, in plaas van om persoonlike oriënteringsaanbiedings deur die Fonds se kliënteskakelbeampte by hul nuwe werkplek by te woon. Aanlyn webinare het die Fonds in staat gestel om die vereiste van sosiale afstand na te kom en te verseker dat inligting betyds en kostedoeltreffend aan lede versprei

word. Ons het die aanlyn roete in 2020 begin volg en ons beoog om die verskaffing van voorligting aan lede en aftreebeplanningsessies aanlyn voort te sit. Lede kan van die huis en die kantoor af deur middel van hul skootrekenaars, tafelrekenaars en slimfone inskakel by kort sessies.

Dit is nie net lede wat gevra is om elektronies met die Fonds te skakel nie – die Raad van Trustees, diensverskaffers en hoofbeampte moes ook by verandering aanpas, vertroud raak met Microsoft (MS) Teams en dit gebruik om elke twee maande Raadsvergaderings te hou. Raadsvergaderings is sedert April 2020 met groot welslae op hierdie wyse gehou. Die Raad het ooreengekom om trustees self te laat besluit of hulle wil voortgaan om via MS Teams oor 'n afstand by vergaderings in te skakel, en of hulle vergaderings by die Fonds se kantoor wil bywoon. Verder het die Fonds in Mei 2020 sy eerste elektroniese Algemene Jaarvergadering (AJV) gehou deur 'n aantal vooraf opgeneemde voorleggings aan alle belanghebbendes beskikbaar te stel, om te verseker dat inligting aan ons lede en pensioenarisse versprei word.

Kostebesnoeiing is 'n deurlopende fokus van die trustees, aangesien die Fonds se totale koste uiteindelik 'n invloed op lede se aftreespaarfondse het. Die toenemende gebruik van tegnologie het tot verskeie kostebesparings vir die Fonds gelei. Vanaf Maart 2020 was dit nie vir die Raad nodig om enige reiskoste na en vanaf vergaderings of verblyfkoste aan te gaan nie. Alle ledekommunikasie, insluitend jaarlikse ledestate, is vanaf Maart 2020 elektronies uitgereik, aangesien die Fonds as gevolg van die landwye inperking niks kon laat druk nie en ook nie van die SA Posdiens gebruik kon maak nie. Dit het beteken dat lede kommunikasie betyds kon ontvang, en boonop het die Fonds ook al die drukkoste en posgeld gespaar.

Daarom moedig ons steeds ons lede en pensioenarisse aan om met die Fonds in aanraking te kom om bygewerkte selfoonnommers en e-posadresse te verskaf. Dit stel ons in staat om alle belanghebbendes te bereik. Elektroniese inligting is onmiddellik beskikbaar, kostedoeltreffend en veilig (veral wanneer ledestate wat sensitiewe persoonlike inligting bevat, uitgereik word). Hierdie state sal weer eens in 2021 slegs via die Fonds se beveiligde webwerf en Verso se app (toepassing) beskikbaar gestel word.

**Ons pensioenarisbates**

Die gedeelte van die pensioenarisportefeulje wat volgens 'n laste-gedrewe beleggingstrategie bestuur word, het steeds die verpligting ten opsigte van pensioenarisse geëwenaar en die trustees het 'n pensioenverhoging in ooreenstemming met die Pensioenverhogingsbeleid toegestaan, sonder om die algehele befondsingsvlak van die pensioenarisportefeulje in gevaar te stel. Die pensioenverhogingsdoelwit het vanaf 1 Januarie 2020 op 70% van inflasie gebly en 'n pensioenverhoging van 3.12% (d.i. 70% van inflasie) is dus op dieselfde datum toegestaan. Verder is 'n diskresionêre pensioenarisbonus van 50% van bruto maandelikse pensioene op 1 Desember 2019 verklaar.

**SALGBC se voorstel oor die herstrukturering van pensioenfondse**

Ons het in verlede jaar se Jaarverslag bevestig dat ons 'n wakende oog sal hou oor die Suid-Afrikaanse Bedingingsraad vir Plaaslike Regering (SALGBC) se voorstelle oor die herstrukturering van pensioenfondse, en dat ons lede sal inlig indien daar enige ontwikkelinge in hierdie verband is. Ons het ook gemeld dat ons aan SALGBC die Fonds se volledige kommentaar en kwelvrae in reaksie op hul voorstelle tot dusver gegee het (d.i. hul konsep-fasiliteerdersvoorstelle of konsep kollektiewe ooreenkoms).

Ons het lede, pensioenarisse en ander belanghebbendes (en veral die werkgewers) in ’n spesiale uitgawe-nuusbrief in Oktober 2020 ingelig dat die Fonds nie-amptelik bewus geword het van ’n finale fasiliteerdersvoorstel wat laat in Maart 2020 deur SALGBC aan alle plaaslike owerhede in die Wes-Kaap beskikbaar gestel is om ’n mandaat van die werkgewers te verkry om die kollektiewe ooreenkoms te onderteken. Dit het ook onder ons aandag gekom dat IMATU se hoofsekretaris alle IMATU-streke ingelig het dat ’n mandaat van IMATU se lede verkry sou word tydens nasionale inperkingsvlak 1. Hulle is blykbaar tans besig om die nodige mandate van hul lede te probeer verkry. Al ons kwelvrae wat geopper is toe vorige weergawes van die fasiliteerdersvoorstelle deur die Fonds verkry is, het skynbaar op dowe ore geval aangesien die finale voorstel of kollektiewe ooreenkoms nie veel van die vroeër weergawes verskil nie. Ons het weer ons kwelvrae aan SALGBC oorgedra in ’n voorlegging wat in Mei 2020 aan hulle gestuur is, maar dit wil voorkom of hulle nie meer met aftreefondse oorleg wil pleeg nie.

Bogenoemde is ’n groot bron van kommer vir die Raad van Trustees, omdat die fasiliteerdersvoorstel vir die herstrukturering van pensioen-/aftreefondse in die plaaslike regeringsektor en die voortspruitende kollektiewe ooreenkoms die gevestigde regte van ons lede sal affekteer. Implementering van hierdie voorgestelde kollektiewe ooreenkoms sal lede se toekomstige aftreevoordele nadelig raak. Die Fonds se spesiale uitgawe-nuusbrief het ’n lys van kwelvrae met betrekking tot SALGBC se voorstel bevat.

Hierdie kwelvrae raak eenvoudig net meer met die proklamering van die Wysigingswet op Belastingwette en die implementering van annuïtisering met ingang van 1 Maart 2021. Dit is in die Fonds se tweede spesiale uitgawe-nuusbrief in Maart 2021 verduidelik.

Die Fonds het in April 2021 ’n derde spesiale kommunikasie uitgereik ter verduideliking van sommige van die verwarrende, en in sommige gevalle onjuiste, verklarings in die jongste vakbond-omsendbrief wat deur hul nasionale kantoor uitgereik en aan vakbond-verteenwoordigers versprei is.

Ons het agtergekom dat die partye tot die ooreenkoms asook sommige munisipale fondse slegs op die kwessie van “vryheid van assosiasie” fokus in hul poging om hul lede te oortuig. Die voorgestelde kollektiewe ooreenkoms het moontlik ontstaan na aanleiding van vakbonde se versoek om “vryheid van assosiasie”, maar die huidige voorstel het baie min met hierdie konsep te doen. Dit gaan ongetwyfeld daarom dat die partye tot die ooreenkoms, deur SALGBC, beheer het oor aftreefondse in die plaaslike regering-sektor. Hulle beheer die arbitrêre akkrediteringskriteria, wat op enige tydstip kan verander, en dit beteken dat hulle beheer het oor watter fondse hul akkreditering behou. ’n Fonds kan vandag geakkrediteer wees, en teen die einde van die jaar nie-geakkrediteer wees omdat die kriteria verander het. Hulle praat van “stem met die voete” as ’n bevrydingskonsep waarop ons almal geregtig is. Deeglike kennis van aftreefondse en hoe beleggingsmarkte werk, is egter nodig as ’n mens wil verseker dat jy nie by oordrag na ’n ander fonds ’n deel van jou kosbare aftreeneseier verloor nie. Nie eens die beleggingskundiges kan tydsberekening van die beleggingsmarkte regkry nie. Vrywillige of verpligte oorplasings na ander fondse op ’n gereelde grondslag kan ’n mens se aftreeneseier ernstig in gevaar stel.

Die Raad van Trustees het ook bevestig dat hy alles binne sy vermoë sal doen om lede se Fondsvoordele te beskerm. Ons het lede se hulp gevra om te verseker dat hul vakbond nie ’n kollektiewe ooreenkoms onderteken wat tot nadeel van lede is nie, omdat dit verreikende langtermyn-gevolge het. Ons het verskeie maniere aangedui waarop lede die Fonds in hierdie verband kan help. Ten slotte het ons bevestig dat die Raad met drie ander munisipale aftreefondse saamwerk en vasbeslote is om die regsmening van ’n hoogaangeskrewe senior aftreefonds-advokaat in te win oor die Fonds se posisie indien die partye die kollektiewe ooreenkoms onderteken. Die mening is toe ingewin en die Fonds gaan nou oor tot die volgende aksiefase.

**Vooruitskouend**

Ek vertrou dat ons groter gebruik van tegnologie, wat deur die pandemie en landwye inperking genoodsaak is, ons kommunikasiepogings tot dusver versterk het en dat ons lede bemagtig word om besluite te neem wat sal verseker dat hul aftreedoelwitte binne hul bereik bly. Ons beoog om steeds hierdie pad saam met ons lede te loop wanneer hulle van aktiewe lede oorskakel na In-fonds Lewende Annuïtante gedurende hul aftrede.

Die Raad van Trustees sal voortgaan om ons belofte aan ons lede, afgetredenes en pensioenarisse na te kom, deur ’n toegewyde fokus op kostebestuur en goeie bestuurstoesig. Soos voorheen genoem, beoog ons om voort te gaan met die gebruik van tegnologie om elektronies met ons lede te skakel en inligting op ’n veilige wyse betyds deur te gee.

**Betuiging van meegevoel en dankbaarheid**

Namens die LA Aftreefonds se Bestuursraad, die hoofbeampte en al die Fonds se diensverskaffers, betuig ek graag ons meegevoel met al ons Fondslede, afgetredenes en pensioenarisse wat familielede en vriende weens Covid-19 verloor het.

Weer eens dankie aan ons deelnemende werkgewers, lede, afgetredenes en pensioenarisse, sonder wie se ondersteuning en vertroue die LA Aftreefonds nie sou bestaan het nie. Ons sien uit daarna om steeds daardie vertroue met bestendige beleggingsprestasie, voortreflike dienslewering en wêreldklas bestuurstoesig te beloon in die jare vorentoe.

Dankie aan my medetrustees vir hul volgehoue toewyding, professionaliteit en ondersteuning, en aan die res van die span (die professionele diensverskaffers en die hoofbeampte), wat ons help om deurgaans ons missie te verwesenlik.

Danie Carstens
**Voorsitter**

# Bylae B

## Opsomming
## Aktuariële Waardasie
## 30 Junie 2020

momentum
consultants & actuaries

# LA Aftreefonds

## Opsomming van die Aktuariële Waardasie soos op 30 Junie 2020

### 1. Hoofdoelstellings van die waardasie

Die hoofdoelstellings van die waardasie is om:

- Die finansiële toestand van die Fonds te bepaal deur die aktuariële waarde van die bates met die waarde van die opgelope-diens voordele soos op die waardasiedatum te vergelyk;
- Die beleggingsopbrengs toekennings vir aktiewe lede van die VB Afdeling te hersien;
- Die persentasie waarmee die maandelikse pensioene kan verhoog te bepaal, en
- Die balans van die aanvaarbare reserwes te bepaal om die Fonds te beskerm.

Die vorige waardasie is soos op 30 Junie 2019 uitgevoer.

### 2. Lidmaatskap statistieke

| | 30 Junie 2020 | 30 Junie 2019 |
|---|---|---|
| **Aktiewe lede (VB Afdeling) *** | | |
| Aantal | 1 436 | 1 415 |
| Jaarlikse pensioengewende salarisse (Rm) | 365.9 | 340.9 |
| Geweegde gemiddelde ouderdom (jare) | 49.0 | 49.4 |
| Geweegde gemiddelde dienstydperk (jare) | 19.3 | 20.0 |
| **Pensioenarisse en VV uitgestelde pensioenarisse #** | | |
| Aantal | 3 093 | 3 265 |
| Jaarlikse pensioen (Rm) | 174.2 | 178.6 |
| Gemiddelde jaarlikse pensioen (R) | 56 337 | 54 696 |
| Geweegde gemiddelde ouderdom (jare) | 77.7 | 77.4 |
| **Binnefonds-lewende Annuïteite** | 52 | 35 |

* VB beteken vastebydrae
\# VV beteken vastevoordele

## 3. Finansiële toestand

| Finansiële toestand<br>Pensioenarisrekening | 30 Junie 2020<br>R 000 | 30 Junie 2019<br>R 000 |
|---|---|---|
| **Bates van die Pensioenarisrekening [1]** | **1 420 856** | **1 655 893** |
| Pensioenarisse-laste [2] | (1 398 605) | (1 600 391) |
| Solvensie Reserwe | (22 251) | (44 335) |
| **Surplus** | **0** | **11 167** |
| **Befondsingsvlak (Pensioenarisrekening) [3]** | **100.0%** | **100.7%** |

**Notas:**

1. Die waarde van die bates is die redelike waarde van die netto bates na aftrekking van bedryfslaste en enige laste voortspuitend uit die belofte, verhipotekering of ander beswaar van die bates van die Pensioenarisrekening. Die aktuariële waarde van die bates is gelyk aan die redelike waarde van die bates.

2. Pensioenarisse laste sluit in VV uitgestelde pensioenarisse-laste en 'n voorsiening vir toekomstige uitgawes wat verband hou met hierdie kategorieë van Lidmaatskap.

3. Die befondsingsvlak word bepaal deur die waarde van die pensioenarisrekening-bates gedeel deur die som van die pensioenarisse-laste en die Solvensie Reserwe.

| Finansiële toestand<br>VB Afdeling | 30 Junie 2020<br>R 000 | 30 Junie 2019<br>R 000 |
|---|---|---|
| **Bates van die VB Afdeling** | **1 891 631** | **1 960 090** |
| Ledebelange | (1 776 817) | (1 870 188) |
| Lewende Annuïteitsreserwe | (118 771) | (89 164) |
| Gebeurlikheidsreserwe | (5 240) | (7 427) |
| Verwerkingsfoutreserwe [1] | 9 197 | 6 689 |
| **Surplus** | **0** | **0** |
| **Befondsingsvlak (VB Afdeling)** | **100.0%** | **100.0%** |

**Nota:**

1. Die Verwerkingsfoutreserwe het 'n negatiewe saldo van R9.197 miljoen gehad op 30 Junie 2020 wat –0.5% van die VB Afdeling se laste verteenwoordig. Die Trustees kan die saldo van die Verwerkingsfoutreserwe aan die Ledebelange en die Lewende Annuïteitsreserwe toeken.

## 4. Beleggingsopbrengs toegeken

| | 30 Junie 2020 | 30 Junie 2019 |
|---|---|---|
| Opeenhopingsportefeulje | 1.1% | 3.0% |
| Konsolidasieportefeulje | 1.9% | 4.5% |
| Bewaringsportefeulje | 2.2% | 8.4% |
| Kontant Plus portefeulje | 2.9% | 8.5% |
| Shariàh portefeulje | (1.4%) | 4.7% |

## 5. Bydraekoerse

| | % van salaris |
|---|---|
| Plaaslike Owerhede vir Kontrakwerknemers | 7.5 of 10.0 |
| Plaaslike Owerhede vir ander aktiewe lede | 18.0 |
| Aktiewe lede | 9.0 |
| Kontrakwerknemers | 7.5 |

## 6. Gevolgtrekkings

- Die Pensioenarisrekening het ‘n befondsingsvlak van 100% en is in ‘n gesonde finansiële toestand.
- Die VB Afdeling het 'n befondsingsvlak van 100% en is in ‘n gesonde finansiële toestand.
- Die Fonds het ‘n befondsingsvlak van 100% en is in ‘n gesonde finansiële toestand.
- Die Trustees het die negatiewe saldo van die verwerkingsreserwerekening van -0.5% van laste aan die Ledebelange en Lewende Annuïteit-rekeninge toegeken.
- ‘n Pensioenverhoging van 1.0% soos op 1 Januarie 2021 was toegeken.
- ‘n Bonus van 55% van die maandelikse pensioen was in Desember 2020 toegeken.

**Sean Neethling BSc CFP® FASSA FIA**
Genoot van die Aktuariële Vereniging van Suid-Afrika
in my hoedanigheid as Aktuaris van die Fonds en as
‘n werknemer van Momentum Konsultante en Aktuarisse (Pty) Ltd.

Die Aktuariële Vereniging van Suid-Afrika is die primêre reguleerder in my professionele hoedanigheid.

15 Desember 2020